# Kampkrummels

*Nuusblad van Streek Kiepersol van SAWA Beste Nuusbrief Jaargang 30, No 3 (150) November-Desember 2012*

**Huidige Redakteur se 150ste uitgawe**

# Kampkrummels se 30ste jaargang

Kiepersol word in 2013 dertig jaar oud. Die streek is die tweede oudste in die gebied Jakaranda asook die tweede grootste.

So sê Martin Rix, voorsitter van die Jakaranda-gebied. Hy vervolg:

"As daar een ding is waarmee Kiepersol kan spog, is dit om die beste nuusbrief in Sawa (Kampkrummels) te hê! Voorwaar 'n merkwaardige prestasie gesien in die lig van die strawwe mededinging van al die streke landswyd."

"Kampkrummels het die eerste lig in 1983 gesien, kort na die stigting van die streek. Johann Lemmer is die negende redakteur. Sedert hy die redakteurskap 17 jaar gelede oorgeneem het, is hierdie die 150 ste uitgawe waarvoor hy verantwoordelik is. Baie geluk met dié wonderlike prestasie. Sy toegewydheid en passie dra onteenseglik by tot die suksesvolle kommunikasie na elke lid in Kiepersol en ook na die streke in die hele gebied. Tot onlangs toe het hy ook SAWANANT, Sawa se nasionale nuusbrief, versorg. Nogmaals baie geluk aan Johann, Kampkrummels en Kiepersol!

Johann, huidige redakteur, het hulde gebring aan die redakteurs wat sedert die streek se stigting in 1983 gesorg het dat Kampkrummels gereeld (tot 12 keer per jaar) verskyn het. Volledige nuusbriewe is sedert wyle Johan Serfontein se redakteurskap ingebind en dis duidelik dat die nuusbrief altyd 'n breë spektrum nuus en artikels bevat het en ook fisies lywig was. Hiermee saam kom deurgaans 'n hoë standaard van bladuitleg en taalversorging. As in ag geneem word dat die blad self gebind en versprei word, is dit des te meer merkwaardig. Ongelukkig kan nie presies bepaal word hoeveel uitgawes daar sedert stigting was nie omdat die eerste jare se nuusbriewe nie bewaar is nie. Daar is egter aanduidings dat dit minstens twee maandeliks verskyn het.



*Martin Rix*



*Johann Lemmer*

## Lees binne . . .

| | |
|---|---|
| Oordenking | 2 |
| Sawa in breër verband | 2 |
| Redakteur in die breë | 3 |
| Kampnuus | 4 |
| Saamtrekdatums | 4 |
| Voorsitter sê | 5 |
| Kampkrummels sterk | 6 |
| Oud-redakteur se hulde | 7 |
| Schalk gesels | 8 |
| Senior burgers | 9 |
| Jongklomp (tieners) | 9 |
| Sawa-kalantjies | 10 |
| Verjaarsdae, lief, leed | 11 |
| Stoffeltjie | 11 |
| Ou foto's | 12 |

## Geseënde feestyd vir ons lesers toegewens



**Laat die kindertjies na my toe kom . . .**

*(So het hulle vyf jaar gelede gelyk, sien ons hulle weer dié naweek?)*



# OORDENKING

## 'n Wonderlike belofte vir Kersfees

*Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.* Jesaja 9:5

Hierdie Skrifgedeelte word dikwels in die Kerstyd voorgelees, 'n profesie wat die koms van die Messias aankondig. Hierdie beskrywing van Jesaja onthul na alle waarskynlikheid die meeste oor Jesus Christus in die hele Ou Testament. Hy vertel sy mense wat in ballingskap is, en ook vir ons, dat die Messias as 'n mensekind gebore sal word, en tog sal hierdie kind die heilige Seun van God wees. Sy Name dek ons lewens:
as 'Wonderbare Raadsman', Hy is volkome wysheid (kyk 1 Kor 1:30)
as 'Magtige God', Hy gee alle krag (kyk Filippense 4:13);
as 'Ewige Vader', Hy is liefde (kyk Johannes 14:20);
as 'Vredevors', Hy is vrede wat alle verstand te bowe gaan (Filip 4:7).

Hierdie eeue oue profesie herinner ons daaraan dat dinge nie net lukraak gebeur nie en dat Christus nie net toevalling na hierdie wêreld toe gekom het nie. God het daardie spesiale oomblik in die geskiedenis van die mensdom self gekies as die middelpunt van tyd self. Alles wat voor Christus se geboorte gebeur het, lei tot daardie heilige oomblik; en alles wat daarna gebeur, word tot in ewigheid daardeur geraak. Ons wêreld sou nie dieselfde gewees het as Christus nooit gebore is nie. Die tyd en plek van sy koms was nie net per toeval nie. Daardie oomblik is so deur God gekies sodat ons lewens verander en herstel kan word en ons met die kennis wat ons vandag van Jesus het, ingelig kan leef. Met ander woorde, alles het 'n doel, gebeur op 'n spesiale tyd en het betekenis.

**Gebed:** *Hemelse Vader, dinge wat in ons lewens gebeur is nie net per toeval nie. U het dit so beplan sodat ons by u koninkryk betrokke kan wees. Openbaar vandag aan ons wat U wil hê ons moet doen ter uitbreiding van u koninkryk hier op aarde. Amen*

**- Ds. Jan van Vollenhoven**

Breër verband

## Sawa streef daarna om

*- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.*

*- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.*

*- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.*

*- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.*

## Helpende Hand

Help asseblief met toiletware en mediese hulpmiddels soos salf, rome, verbande, ontsmettingsmiddels en so meer.
Bring dit saam na die Joos Beckerkamp in November. Navrae: Frank en Hettie (012 654 3135)

SAWA
KIEPERSOL

### Streekbestuur 2012-2013

**Voorsitter:** André Baker (083 409 3709) bakera@netactive.co.za

**Ondervoorsitter:** Ronelle King (084 444 8282) ronelle@hscenturion.co.za

**Sekretaris:** Ina van den Berg (081 270 8267) jannie.ina@gmail.com

**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

**Senior burgers:** Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

**Addisionele lede:** Christa Bothma, Schalk Nolte, Lucille Vorster

**Redakteur:** Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**

Oor Sawa in die breë sê die Redakteur:

# Nuusbrief is naelstring van streek



*Johann Lemmer*

By die deurblaai van ou nuusbriewe kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat dit tog vir lede iets beteken het. Iemand het eenkeer gesê dit is die naelstring wat lede met die streek verbind, veral lede wat weens omstandighede nie gereeld kan kamp nie. Dit is ook so omdat daar talle briewe en ander bydraes oor die jare ontvang is.

Ek het gepoog om in elke uitgawe nie net artikels en berigte te publiseer nie, maar ook om kommentaar oor 'n aspek te lewer wat vir Sawa in die breë en in die besonder vir Kiepersol van betekenis is. Dikwels is daar standpunte gestel om reaksie uit te lok. Ek het dit as vlieërs gesien wat opgestuur is om die water te probeer toets oor een of ander saak. As 'n mens nou terugskouend daarna kyk was dit miskien 'n bietjie te ernstig vir lede wat net lekker wil kamp en hulle nie onnodig wou bemoei met sake van die dag wat vir die woonwa-bedryf en die buitelewe belangrik is nie. Ek sê dit omdat die reaksie beperk was tot 'n sekere lede wat aan die polemiek deelgeneem het. Ek kan van hulle onthou. Daar was Christo van der Merwe Paul Kruger, wyle Willem Burger, oom Eddie en tannie Lettie Leach en 'n paar ander. Dan was daar die streekvoorsitters wat vir elke uitgawe 'n bydrae geskryf het. So ook die senior burgerverteenwoordigers en ook die tannies van die Sawa-kalantjies. Maar die persoon wat oor lang tydperke 'n steunpilaar was, is oud-redakteur Christo. Hy was altyd bereid om iets te skryf, miskien omdat hy oor so baie agtergrond oor Sawa beskik en dit natuurlik by hom kom om te skryf. Hy het ook 'n ligter sy na vore laat kom toe hy baie jare gelede met die konsep gekom het om 'n rubriek te skryf wat hy Stoffeltjie genoem het. Hierin het die opgeskote rakker met oom redakteur en sy tannie Alet gesels oor alles wat hy en sy pa by kampe gesien en beleef het. Hy het die snaakste name vir mense gehad soos oom Christo Gryskop (vir homself), oom Jurie Groot Voorman (nasionale voorsitter), oom Jannie (van den Berg) Saggiespraat, oom Eddie (Leach) Lekkersing, tannie Johanna (van Biljon) Raakvat, oom Paul (Kruger) Grootman, oom Seef Groot Lawaai en sy tannie Susan Saggies Glimlag. Hy het so oor die nuwe oom Charlie (King) Goot Koning geskryf: *Oom Redakteur ek dink net Sawa moet bietjie mooi kyk want tannie Anna van Gert het 'n mooi vrugtekoek gebak en toe kom daar 'n nuwe oom Charlie Groot Koning en sê hy sal die koek soos 'n Amerikaner opveil. Oom Redakteur ek dink oom Hennie (Ferreira) Sommemaak moet bietjie uitvind of hierdie oom Charlie Groot Koning nie Amerikaanse bloed in hom het nie.* Dan was daar natuurlik name soos Dronkwordspruit, Pot-se- Stroom ens.

Daar is baie keer bespiegel wie Stoffeltjie nou eintlik is, maar dit was goed dat daar gewonder word oor die klein rakker. Nou het Christo uiteindelik ingestem dat sy identiteit openbaar gemaak kan word. Lees gerus op bladsy 11 nog 'n bydrae deur hom.

'n Ander staatmaker van die afgelope vier jaar is Schalk Nolte wat gereeld sy rubriek: Schalk gesels met…. geskryf het.

Ek sluit af met 'n uittreksel van my voorganger, wyle Willem Burger:

"In Desember 1994 het Kampkrummels vir die eerste keer die trofee vir die beste nuusbrief van die jaar gekry. Die groot trofee in my studeerkamer en ook op die voorblad van Kampkrummels kon nie die genot weerspieël wat ek ervaar het met dit wat na Verwoerdburg se kant toe gekom het nie. So wat van opgewondenheid en verbystering het ek lanklaas in my lewe ervaar. Hierdie opgewondenheid het toe nog saam geval met Frieda se prestasie om benoem te word as die Sawa-vrou van die jaar. Wat 'n belewenis. Dit is wanneer 'n mens sulke dinge in herinnering roep dat jy jouself wil skop as jy 'n besluit moet neem om die taak vir iemand anders te gee.

"Ek onthou hoe ek begin moeg raak het vir die taak en hoe die werksdruk by die nuwe firma my genoodsaak het om plek te maak vir iemand anders. Ek onthou hoe bang ek was, natuurlik van verwaandheid, om die taak wat ek so geniet het op iemand anders se skouers te plaas. Nadat die besluit egter geneem was, onthou ek hoe ek dit geniet het om die nuwe redakteur te help wanneer hy hulp nodig gehad het. Soms het ek sommer vir die lekker gaan hulp aanbied sonder dat hy gevra het. Ek onthou hoe ek goed gevoel het om met my karige kennis van rekenaars iemand anders te kon help.

"Laastens onthou ek ook hoe ek, sommer met die eerste uitgawe wat die nuwe redakteur gepubliseer het, jaloers was omdat hy so 'n puik afskop gemaak het. Vandag geniet ek nog steeds elke uitgawe wat hy vir ons opdis. Ek dink dit is nodig dat die redakteur die beoordeling van die nuusbriewe aan iemand anders moet oorlaat sodat sy eie werk ook weer op nasionale vlak beoordeel EN WEER BELOON kan word."


*Helaas het Willem se wens waar geword en die beker staan weer in Kiepersol se trofeekas! -Red.*

## VAKATURE: REDAKSIE

*Aansoeke word ingewag vir 'n redaksielid om saam met die redakteur te werk met die oog daarop om by hom oor te neem as redakteur van Kampkrummels. Pligte behels o.a. insameling van berigte en artikels, die skryf, herskryf en redigering van bydraes, neem van foto's, bladuitleg, bind en versending van nuusbrief en advertensie-werwing. 'n Passie vir die werk asook taal- en rekenaarvaardigheid, is 'n vereiste.*

*Skakel die redakteur by 012 653 2745 of 083 233 9295*

# Lekker Kampnuus



## Nog ’n geslaagde kampnaweek

**Frieda Burger**

Toe ek Vrydag 26 Oktober laat-oggend by Kaia Manzi opdaag is ek al nommer 5 met meestal senior burgers wat voor my aangekom het. Sommer met die intrapslag was dit lekker om lede wat ek lanklaas gesien het daar te kry. Sommer met die verbyry bied Martiens Joubert aan om my *Tando* af te haal en met die intrek langs MC (ander Martiens) staan my woonwa gou-gou.

Nog lede kom so drupsgewys deur die middag aan en die laastes, Hennie en Hannie Ferreira, net so voor donker. Daar was toe elf lede en twee besoekergesinne naamlik Flip en Leana van Zuurfontein en Henry en Una Gates wat nog nie lede is nie.

Charlie en Ronelle King maak 'n lekker lasagna-pot en almal kuier nog tot redelik laat en bespiegel oor Saterdag se rugby Curriebeker-eindstryd. Dit is duidelik dat die ondersteuners in twee kampe is, vir die Sharks en die Westeliek Provinsie.

Saterdagoggend net na boekevat ry sommige van ons na die Imagine-restaurant langs die Kungwini Estate vir 'n plaasontbyt. Die kunstenaar-beeldhouer, Anton Smit, het daar 'n ateljee met baie interessante beelde.

Toe dorp toe vir "pêrre" salf vir al die pyne en skete. En toe wag ons vir die rugby. Niemand het 'n TV gebring nie dus luister ons in oor die "draadloos" soos van ouds. Kort-kort is gejuig as iemand punte aanteken maar toe die WP wen was daar 'n groot lawaai. Geluk aan die WP, hulle het darem 11 jaar gewag vir hulle groot oomblik (toe die WP laas die Curriebeker gewen het het brandstof net R3.72 per liter gekos!) Later Saterdagaand was daar 'n donderstorm met geweldige wind wat tot gevolg gehad het dat Charlie en Lukas hulle gazebo-dakke moes afhaal. Mike se gazebo het sommer weggewaai tot teen 'n boom.

Sondag het ons na 'n opname geluister van ds. Callie Roos van Pierre van Ryneveld-gemeente. Hy het verduidelik dat mens net op water kan loop soos Christus as jy uit die boot klim. Alhoewel dit baie waar is dink ons nie altyd so daaraan nie.

Na die tee en afsluiting deur Ronelle King het almal stadig begin oppak en nog 'n geslaagde Kiepersol naweek gegroet.! Dankie almal vir 'n heerlike kuier.

Kiepersolgroete van die kampkommandante:
Charlie en Ronelle King; Frieda Burger

# Saamtrekdatums

## Saamtrekke vir 2012

**16 November: Joos Becker (Kersboom)**
Regoor Mayville koopsentrum, kyk bl. 11
Kampgeld vir die naweek R260
Laat weet asseblief hoeveel mense kom
Skakel Ina by 081 270 8267

**23 November: Karee-Krans (4x4-kamp)**
(42 km buite Rustenburg)
Gewone woonwaens ook welkom
Skakel Willem Nordejé by 082 887 1090

## Saamtrekke vir 2013

**25 Januarie: Klipdraai (Meyerton)**
Mooi kampterrein waar die geslaagde Presidente-saamtrek plaasgevind het

**22 Februarie: Drie Berge**
Naby Brits met geen noemenswaardige tolhekke op pad soontoe nie

**29 Maart: Presidente**
‘n Belangrike nasionale saamtrek wat weer by Klipdraai gehou word

**26 April: Hartebeeshoek**

**31 Mei: Sitrusfees (Buffelspoort)**

**13 Junie: Nasionale Winterkamp**

**22 Junie-29 Junie: Wildtuintoer**

**26 Julie: Manyane**

**23 Augustus: Klein Paradys (AJV)**

**13 September: Koppisol**

**25 Oktober: Marula**

**15 November: Nkwe**

Die Voorsitter sê

# Ons is trots om lede van Sawa-Kiepersol te wees

**André Baker**

Die tema vir die jaar is "Wees trots op Sawa". Ons vorige voorsitter, Hennie Ferreira, het dit egter aangepas om te lui: "Wees trots om 'n lid van Sawa-Kiepersol te wees". Nou is die jaar amper verby maar ek is bly om te kan sê dat tema in al die streek se aktiwiteite duidelik na vore gekom het. Die mandjiedans was 'n goeie voorbeeld van hoe ons lede spontaan aan 'n projek gewerk het om dit 'n groot sukses te maak. Dit was 'n goeie geleentheid om mense van buite Sawa te betrek en ons het die aand lekker saam gekuier en die samesyn baie geniet.

**Kampe**

Die saamtrekke wat ons hierdie jaar gehad het, is onder omstandighede goed bygewoon deur lede wat kamp. Met ons fokus op 'lekker kamp' kon dit ook nie anders nie. Al was die weer soms wispelturig, het dit ons nie afgeskrik nie en kon ons met die beplande aktiwiteite voortgaan. Kiepersol het ook 'n eerste gehad toe 'n kamp vir boswaens en viertrekvoertuie gehou is. Die tweede kamp van hierdie aard word die naweek van 23 November by Karee-Krans 42 km buite Rustenburg gehou. Ons doen weereens 'n beroep op al ons lede wat vriende het met 4x4 veldwaens om hulle aan te moedig om saam te kom kamp. Dit kan ook deur mense met gewone woonwaens bygewoon word. Skakel gerus vir Willem Nordejé by 082 887 1090 as julle die jaar op 'n hoë noot wil afsluit.

**Kersboomfunksie**

Ons kersboomfunksie vind eerskomende naweek by Joos Becker plaas. Die kampkommandante beplan iets spesiaals maar hulle wil nie die aap uit die mou laat nie. Maak dus 'n punt daarvan om die geleentheid by te woon en sommer lekker saam te kamp. Groot en klein is welkom. Vir beplanninsdoeleindes is dit egter baie belangrik om te laat weet hoeveel mense kom kamp, en veral hoeveel kinders by die kersboomfunksie teenwoordig sal wees.



*Streekvoorsitter*

**Nuwe lede**

Dit was verblydend om vanjaar soveel nuwe lede by die streek welkom te heet. Daar het nie minder nie as ses nuwe gesinne by ons aangesluit. Ons wil graag weer van hierdie geleentheid gebruik maak om aan elkeen van die nuwe Kiepersollers te sê hoe welkom hulle is. Ons glo hulle sal baie gelukkig wees en lekker saam met die groter Kiepersolfamilie kamp. Charlie en Ronelle King het 'n groot rol in die werwingsaksie gespeel en ander lede word aangemoedig om hulle voorbeeld te volg. Kom ons probeer om op hierdie manier ons organisasie uit te brei.

**Lief en leed**

Gedurende die jaar was daar ook mense wat lief en leed ervaar het. Ons is saam met julle bly oor die goeie dinge wat in julle lewens gebeur het. Baie geluk aan die redakteur vir sy 150ste Kampkrummels waaraan ons nou lees. Aan die ander kant het ons empatie met almal wat deur moeilike tye gegaan het. Ons dink ook aan hulle wat siek was en wens hul alle voorspoed toe. Ons dink ook aan almal wat geliefdes aan die dood afgestaan het.

**Goeie wense**

Graag maak ek en Magriet van die geleentheid gebruik om al ons lede en hulle gesinne 'n ware Christusfees toe te wens. Mag julle saam met julle gesinne wonderlike dinge ervaar in die Kersseisoen en mag 2013 'n baie voorspoedige jaar vir ons almal wees.

Ek sluit graag af met die woorde van genl. George S. Patton: "... deur geloof ontvang mens kalmte, gemoedsrus, moed en liefde vir al God se skepsels."

Kiepersolgroete

**André**

# Oud-voorsitter se hulde en saluut

Kampkrummels is in sy 30ste bestaansjaar en speel 'n belangrike kommunikasierol om nuus oor al die groepe mense in die streek, kampe, die buitelewe en nuus van nasionale belang gereeld aan lede oor te dra. So weet die lede ook deurlopend van die aksies van die besture.



*Hennie Ferreira*

Dankie aan die nege redakteurs wat dit met soveel passie moontlik gemaak het.

In my termyn as voorsitter (Januarie 2011) het Kampkrummels ook 'n besonderse nuwe baadjie aangetrek en is die eerste elektroniese nuusbrief in 'n nuwe formaat aan lede versend. Lede sonder e-posfasiliteite kry egter steeds harde kopieë per pos. So het ons tred gehou met moderne tegnologiese ontwikkelings. Aan die voorpunt was Johann Lemmer wat die afgelope 17 jaar reeds as redakteur dien en wat vir 150 uitgawes van Kampkrummels gesorg het. Dis nie verbasend dat Kampkrummels die beste nuusbrief in die hele Sawa is nie. Ons salueer hom en mag Kampkrummels van krag tot krag gaan. Ander sosiale media soos *Twitter* en *Facebook* is seker volgende aan die beurt?

**Hennie Ferreira**

# Kampkrummels in sy 30ste jaargang en staan steeds sterk

Kampkrummels is ons nuusbrief wat sedert die stigting van die streek 29 jaar gelede gereeld verskyn het. Gedurende hierdie tydperk was daar nege redakteurs wat deurgaans 'n hoë standaard gehandhaaf het. Gevolglik is Kampkrummels verskeie kere op nasionale vlak vereer.

Die eerste redakteur, Waldo Delport, stel op 14 November 1983 voor dat die naam van die nuusbrief sal wees "Streek Verwoerdburg Kampkrummels". Later is die naam na "Kampkrummels" verander en dit het vanaf Februarie tot September 2000 ook as "Kampkorrels" bekend gestaan. Sedertdien is die naam steeds Kampkrummels en die blad is deel van ons streek se trotse tradisie. Daar is oor die jare verskeie verwysings daarna dat die redakteurs probleme ondervind het om die lesers aan die skryf te kry en ook hoe moeilik dit was om die blad op te stel en te dupliseer.

Op die eerste algemene jaarvergadering (AJV) in 1984 sê voorsitter Eddie Leach dat Kampkrummels een van die behoudende faktore in ons streek is. Hierdie siening is daarna dikwels deur AJV's bevestig soos byvoorbeeld: "Ons kan die redakteur nooit na reg bedank vir die groot werk wat hy verrig nie." Die streek is ook verskeie kere na buite bekendgestel. So is daar op 13 Oktober 1986 verwys na die dorpsfees van Erasmia waaraan deelgeneem is. Daar het ook meer as een keer artikels in Verwoerdburgnuus (tans Centurion Rekord) verskyn.

Aan die begin van sy termyn as redakteur sê Johan Serfontein dat hy soms kontroversiële stellings in Kampkrummels sal maak. Die doel daarmee is om reaksie uit te lok. Verskeie redakteurs daarna het dit ook gedoen.

Op 11 Oktober 1988 word voorgestel dat Kampkrummels in afdelings verdeel word en dat mense genader word om bydraes in die verband te lewer. Hierdie stelsel het, tot redakteurs se groot frustrasie, nie altyd ewe goed gewerk nie.

Sarel Alberts het in Maart 1989 as die sesde redakteur by Christo van der Merwe oorgeneem en Kampkrummels is van 'n vooraf-gedrukte buiteblad voorsien. Een van die destydse lede, Gert van Niekerk, toe van Mari-Tech Drukkers, het vir jare hierdie voorblaaie gedruk en min kere 'n rekening daarvoor gestuur. So is daar op 14 Mei 1990 besluit dat Antoinette Kruger vir hom 'n sjokoladekoek bak met die woorde "Dankie Gert" in versiersuiker daarop.

By die AJV in September 1988 is lede uitgenooi om Kampkrummels as gespreksforum te gebruik. Dit het oor die jare tot interessante debatte en polemiek gelei. So was daar die verandering van die naam Verwoerdburg. Dit word die eerste keer in Desember 1996 deur Paul Kruger aangeroer. Daar volg 'n hewige polemiek en die saak rus vir 'n paar jaar. Die debat word in Februarie 1999 deur voorsitter Poen Venter heropen. Daar is lede wat daarvoor is maar ook wat hewig daarteen gekant is. Dit was eers by die AJV in 2000 dat besluit is om die naam te verander en 'n naamkomitee sou die proses fasiliteer. Sedert die AJV in September 2001 heet ons streek Kiepersol.

Die jaar 2000 was 'n besonder lewendige jaar in Kampkrummels se bestaan. Daar het 'n reeks oor die funksionering van Sawa op nasionale vlak verskyn en briefskrywers het nie op hulle laat wag om o.a. oor die naamkwessie te skryf en hulle menings uit te spreek nie. Daarby het een van die gewildste reekse sy ontstaan gehad wat deur "Stoffeltjie" geskryf is

**Klip in die bos**

'n Kenmerk van ons streek is dat sake wat pla deurgaans openhartig bespreek is.

In April 1985 sê Waldo Delport byvoorbeeld dat Sawa nie dinamies genoeg is nie, daar is nie genoegsame kontak tussen die bestuur en die lede nie, die lede wil nie betrokke raak nie. Ook dat Sawa onbekend is by die algemene publiek. Hy vra dat die gebruik om tydens saamtrekke te praat oor "klip in die skoen" moet voortgaan. Meningswisseling met lede vind ook in Kampkrummels neerslag.

Die volgende stellings het onder andere met verloop van tyd onder die loep gekom en is vurig bespreek.

Alle lede moet tydens saamtrekke naamplaatjies dra; gesamentlike ontbyt; damesbraai; damessaamtrek, manne-aand, oororganisering; die soengroet moet afgeskaf word (het 'n paar keer opgeduik); honde by saamtrekke; waarskuwing teen "spons-dorings"; staan waar jy wil en kuier by wie jy wil, al is jy 'n bestuurslid; die streek is te groot vir samehorigheid en daar vind afparing in kleiner groepies plaas; die gesamentlike braai is 'n klug omdat almal nie daaraan deelneem nie; al die mense ondersteun nie die speletjies wat by saamtrekke aangebied word nie; dit lyk of bestuurslede saamkoek en 'n kliek vorm; party mense kan nie wag om koers te kies na die afsluiting op 'n Sondag nie; hoekom groet party mense en ander weer nie; ens.

Met die aanloop tot Sawa se 40ste verjaardagkongres (2009), wat deur Kiepersol aangebied is, is daar oor verskeie sosiale fondinsamelingsgeleenthede berig. Die kongres was 'n reuse sukses en Kiepersol het baie lof daarvoor ontvang.

Daar is deur die jare seker gemaak dat Kampkrummels aan die kriteria voldoen wat deur die NUB gestel is. Daar is gevolglik rubrieke oor die verskillende groepe in die streek en nuus oor gebeure op gebied– en nasionale vlak gepubliseer.

In Januarie 2011 is die eerste proefuitgawe van die elektroniese Kampkrummels versprei en daar is na die nuwe formaat oorgeskakel.

Deur die jare kon Kampkrummels staatmaak op gereelde rubriekskrywers soos Stoffeltjie, streekvoorsitters, verteenwoordigers van senior burgers, jeug en kleuters en Schalk Nolte se rubriek *Schalk gesels met. . ..* wat vir die laaste vier jaar die trofee vir die beste bydrae tot nuusbriewe gekry het.

**(Artikel deur Johann Lemmer)**

# Oud-redakteur bring hulde aan Kampkrummels

**Christo van der Merwe**


Een van die eerste take wat enige nuwe, selfrespekterende SAWA-streek aanpak, is die vestiging van ŉ eie streeksnuusbrief. Die splinternuwe Streek Verwoerdburg het ook nie op hom laat wag nie en in 1983 sommer dadelik weggetspring met ŉ nuusbrief: "Kampkrummels."

Die eerste vuur-en-vlam redakteur van Kampkrummels was wyle Waldo Delport. Hy was op daardie stadium nasionale sekretaris en ook streek-ondervoorsitter maar hy het so ŉ onblusbare geesdrif vir SAWA en veral Verwoerdburg gehad, dat hy nie ŉ oomblik gehuiwer het om die nuusblad ook te hanteer nie. Kampkrummels is destyds in ŉ A4-formaat uitgegee.

Wyle Ans Theron, wat ook ŉ knap skryfster was, het by Waldo oorgeneem. Sy het voortgebou op die fondament wat gelê is, maar tog haar eie stempel afgedruk. ŉ Mens kon gou agterkom dat daar ŉ vrouehand aan die stuur is, ek onthou nog haar "Deur my Woonwagordyn" waarin sy sulke lekker SAWA-nuusbrokkies met die lede gedeel het.

Met wyle Eddie Leach se uittrede as Verwoerdburg se voorsitter, hy was op daardie stadium ook nasionale ondervoorsitter, het Waldo as streekvoorsitter oorgeneem en wyle Johan Serfontein, wat die nuwe streek-ondervoorsitter was, was die nuwe redakteur. Johan was in die streek bekend as ŉ grapmaker en sy aanslag met Kampkrummels was ook lig. Nie dat hy nie ernstig kon wees as die geleentheid dit vereis het nie.
Na Johan se onverwagte afsterwe, het Ina Delport, Waldo se eggenote, dadelik ingespring en met haar gewone bekwaamheid Kampkrummels seepglad oorgeneem en verder uitgebou. Die eerste A5-formaat Kampkrummels het ook in hierdie tyd die lig gesien.

Ek was die volgende streek ondervoorsitter en het toe ook die redakteurskap oorgeneem by Ina. Ek sal nooit daarop aanspraak maak dat ek so netjies soos Ina gewerk het nie



*Christo van der Merwe wat 'n gereelde bydraer tot Kampkrummels is.*

maar Kampkrummels het bly groei. Tydens my tydperk as streekvoorsitter het Sarel Alberts Kampkrummels hanteer. Teen daardie tyd was die nuusbrief al redelik lywig en Kampkrummels het by die Kongres die toekenning ontvang vir die nuusbrief met die beste vordering.

André Roos het vir Sarel as redakteur opgevolg. Alhoewel André ŉ rekenaarkundige was, het hy dit werklik geniet om Kampkrummels saam te stel en uit te gee. Die voordeel van ŉ rekenaarkundige was natuurlik dat hy die werking van ŉ persoonlike rekenaar, wat toe nog iets redelik nuut was, goed verstaan het en dit ten volle kon benut om die nuusbrief saam te stel.

Wyle Willem Burger was ŉ ingenieur met ŉ besondere aanleg en liefde vir Afrikaans. Toe hy as redakteur oorneem, kon hy hierdie liefde uitleef en was dit duidelik dat hy dit geniet het om met die taal te werk. Sy geesdrif is toe ook ryklik beloon toe hy die Beste Nuusbrief-toekenning by die Kongres ontvang, ŉ eerste vir Kampkrummels!

Sewentien jaar gelede (is dit al só lank terug?) het Willem te kenne gegee dat hy nou sy deel gedoen het, hy wil uittree. Verwoerdburg se bestuur sit toe met effens van ŉ probleem. Gedurende die vorige 12-13 jaar het Kampkrummels deurlopend gegroei, elke nuwe redakteur het ŉ bydrae gelewer om dit as volwaardige nuusbrief uit te bou en te vestig. Die standaard wat op daardie stadium gegeld het, durf nie verslap nie. Die bestuur het toe besluit om vir Johann Lemmer te vra om as redakteur by Willem oor te neem. Nou ja, die feit dat Johann 17 jaar en 150 uitgawes later nog steeds aan die stuur van Kampkrummels staan, getuig daarvan dat dit destyds ŉ goeie besluit was.

In die afgelope 17 jaar het dinge ook nie vir Kampkrummels stil gestaan nie. Aanvanklik het Kampkrummels tweekeer die Beste Nuusbrief-toekenning ontvang. Omdat Johann egter deur Dagbestuur gevra is om die Nasionale Nuusbrief te hanteer en hy dus tesame daarmee die plig gehad het om alle streeknuusbriewe te beoordeel, moes hy, om regverdig te wees, Kampkrummels onttrek aan die streeknuusbrief-kompetisie. Johann het die Nasionale Nuusbrief met groot onderskeiding vir 10 jaar uitgegee. Sedert hy nie meer vir SAWANANT verantwoordelik is nie, het Kampkrummels alweer tweekeer die Beste Nuusbrief-toekenning ontvang!

Waaraan is Kampkrummels se sukses te danke? Ek glo dat dit is omdat Kampkrummels van die eerste uitgawe af daarop ingestel was om nasionale sowel as streeksake aan lede oor te dra en ook lede met mekaar in kontak gehou het. Die volle spektrum is gedek.

Mag die volgende 150 uitgawes van net so ŉ hoë gehalte wees!


**Nuwe Kiepersol hemde beskikbaar**

*Bestellings kan nou geplaas word vir mooi blou en wit gholf-hemde (mans en vroue)*
*Sonder bo-sak: R130*
*Met bo-sak: R145*
*Skakel Ronelle by 084 444 8282*

**Tandartse by Elwierda Apteek**

**Dr René Pretorius en**
**Dr Tania Erikson**
**Geluk met 30ste jaargang**
**Telefoon: 012 653 6154**

# Schalk gesels met twee mense wat op 'n hoë noot by Kiepersol begin het

So tussen die donderweer en blitse deur het ek een aand bietjie gesels met 'n paartjie wat nog redelik nuut in ons omgewing is, en weereens tot die besef gekom dat die lewe nie vir almal ewe maklik is nie, maar tog pas sommige mense daarby aan, terwyl andere soms onder gekry word en dalk op die ou end moed verloor as dinge skeef loop van die begin af. Elise Ritchie was ongetroud toe sy haar amper dertig jaar gelede ontferm het oor 'n een week-oue hawelose dogtertjie wat op Middelburg as een van ses kinders gebore is. Eers op drie-jarige ouderdom is hierdie dogtertjie se dokumente vir pleegsorg uitgereik, maar op ses het Elise haar as haar eie aangeneem, alhoewel sy nog steeds ongetroud was.

So het hierdie aangenome dogtertjie alleen grootgeword saam met 'n enkelma sonder 'n eie pa of ma, of broers en susters. Sy sien egter haar aanneem-ma as haar eie, alhoewel sy nog kontak het met haar werklike ouers. Sy het haar hele skoolloopbaan op Middelburg deurgebring en was in die Voortrekkers en het ook in die koor gesing. Hulle was van kleins af lede van die SAWA-streek Olifantsrivier en het gereeld gekamp wanneer dit moontlik was. Volgens haar was daar geen groot liefdes waarvan sy kon onthou gedurende die skoollewe nie, en na matriek is sy vir 'n jaar Oostenryk toe as 'n *Au Pair* vir 'n baba en agt-jarige seuntjie in Krems naby Wenen. Hier het sy die geleentheid gebruik om rond te ry, en Elise het 'n slag vir haar kom kuier aangesien die band tussen hulle nog steeds baie sterk was en selfs vandag nog is. Terug in Middelburg het sy vir vier jaar vir 'n welbekende fiksheids-sielkundige gewerk, en was saam met haar ma vir 'n verdere vier jaar eienaars van die Pizza Den in Middelburg.


In hierdie Den was sy eenkeer met 'n vuurwapen aangehou gedurende 'n gewapende roof. Sy het gelukkig ongedeerd daarvan afgekom, maar was natuurlik baie getraumatiseerd. 'n Ander keer weer was hulle by Nando's toe daar ook 'n gewapende roof uitgevoer is. In die proses is daar 'n gat in haar motor se dak geskiet, maar gelukkig was hulle nie binne-in nie. Hierdie paragraaf klink amper soos 'n fliek uit die Wilde Weste era, behalwe dat hierdie ouens nie die "Cowboys" was nie, maar die "Crooks"! Lyk my ons begin al hoe meer terugbeweeg na daardie dae!

Nou moet hy ook nog gebore word, anders kom die twee dalk nooit bymekaar uit nie! Hierdie geboorte het plaasgevind in Middelburg terwyl sy ouers by die Bank koolmyn, so 50 km vanaf Middelburg, gebly het. Hy was een van vier boeties, en sy pa was 'n elektrisiën op die myn. As kind was hy nie baie gesond nie, aangesien hy dikdermprobleme ontwikkel het, in so 'n mate dat hy op 'n stadium 'n sakkie moes dra wat deur sy maagwand aan die dikderm gekonnekteer was. Met enige onsteltenis aan sy kant, het die dikderm gedreig om ook deur die maagwand te kom, wat gewoonlik 'n yslike gejaag hospitaal toe, en verdere trauma, beteken het. As gevolg hiervan moes hy dikwels alleen lang tye in die hospitaal deurbring sonder dat hy sy ouers gesien het. So sy ouers moes altyd sorg dat hy nie ontstel word nie, wat darem ook so 'n bietjie bederf vir hom beteken het!

Hy het begin in die Laerskool Koringfontein by die Bank, en later die Laerskol Dennesig in Middelburg, waar hy in standerd vyf prefek was. Hy is toe na die Hoërskool Kanonkop op Middelburg, wat toe geopen het met slegs standerds 6 en 7 klasse, met hom in standerd sewe. Elke jaar het 'n verdere standerd bygekom, en dit het gesorg daarvoor dat hy sy hele hoërskoolloopbaan 'n senior was! Dit was maar vervelig op skool, want hy het slegs een meisie in die tyd gehad! Nadat hy matriek geslaag het, is hy na die Pretoria Technikon toe. Daarna het hy vir tien jaar as rekenaar-operateur by Columbus Stainless Steel op Middelburg gewerk. Daarna het hy vir 'n jaar lank elke dag van Middelburg na Sentech in Roodepoort gery, en toe in 2009 Pretoria toe getrek om by Discovery te kom werk.

Aangesien hulle ook lede was van SAWA Olifantsrivier, het hy en Ritchie mekaar gesien, maar nie veel notisie geneem nie. Na haar Oostenrykbesoek het sy by 'n dansklub aangesluit en hom eenkeer saamgenooi om te gaan dans. Daarna het hulle saam gekuier vir twee jaar, toe vir vyf jaar uitgegaan, was een jaar verloof, en het toe in Middelburg getrou op 10 April 2004 Lucille en Charl Vorster is nou agt jaar getroud, en het twee seuns, Reinhardt (7) en Heinrich (4). Hulle het gedurende die 2012 Presidente by Kiepersol aangesluit en sommer nog op die koop toe ook 'n prys gewen vir 'n naweek by Amazingwe. Dit was vir hulle 'n tweede wittebrood, met allerhande ervarings: die "zipline" waarop hulle "foefie-slide" gery het, se tou het nie gebreek nie! Tweedens het sy haar met die chalet se borrelbadtrappie misgis, en so "grasieus" ingeduik dat die tsoenami wat sy veroorsaak het, al die romantiese kerse uitgedoof en alles wat oorbly, met water bedek het! Derdens het hulle die Sondag by Glen Africa saam met olifante op 'n staptoer gegaan, en in die proses het 'n baba olifant haar omgestamp. Haar raad aan almal wat wil luister, is: "Moet nooit agter hulle staan nie, hulle "reverse" met spoed!"

Haar ma Elise bly nog by haar, en dis vir hulle 'n voorreg om haar by hulle te hê. Hulle is lief vir mekaar, en leef vir die kinders en vir hulle as gesin, en dit is een van die redes hoekom hulle by SAWA aangesluit het. Dis soos "Mother Theresa" sê: "Love begins at home, and it is not how much we do, but how much love we put in that action."



Seniors

# Seniors besoek die plek waar hulle gebly het


**Frank en Hettie Smith**

Hoe ouer jy word hoe meer dink of verlang jy na die plekke waar jy gewerk of gewoon het. As jy eers met pensioen is, vererger die verlange net meer want jy weet nie meer vir hoe lank jy dit sal kan doen nie. Vir my het die Damaskus ervaring aangebreek toe ek in ***Weg*** of ***Wegsleep*** gelees het van boere in Griekwaland-Oos in die Kokstad-distrik in Suid-Natal wat 'n aantal woonwastaanplekke op hul plase ingerig het. Terstond word daar besluit op 'n besoek aan die gebied waar ons vanaf 1969 tot 1972 gewoon het. Aangesien ons weens die weersomstandighede nie met die woonwa wou gaan nie, bespreek ons plek by 'n vakansie oord met die pragtige Drakensberge reg rondom ons.

Jy sal vind dat dinge verander het, maar tog ook nie. Ja die berge is nog steeds daar, so ook die dorpies wat jy geken het maar hulle is nie meer heeltemal dieselfde nie. Oral is daar smouse langs die strate en van die mooi ou geboue wat jy geken het lyk verwaarloos. Die melkkoeie wei nog steeds op pragtige groen weivelde, maar die name van die eienaars op meeste naamborde voor die plase is egter onbekend. Die bekendes is weg. Hier en daar het 'n seun of 'n dogter by sy of haar pa oorgeneem of soms selfs 'n kleinkind. Die paaie wat jy as grondpaaie geken het is in die tussentyd geteer en in 'n puik toestand met min slaggate, heelwat beter as dit wat ons in Noord-Wes en Mpumalanga ervaar het.

Op 'n meer as persoonlike vlak dink jy aan hulle wat voorheen hierdie pragtige wêreld met alles wat dit bied met jou gedeel het en nou nie meer daar is nie. Jy het nie die moed om sekere plekke waar hulle gewerk en gewoon het te besoek nie omdat die seer van jou verlies nog so diep en naby jou is. Jy vra jouself af of dit daar waar hulle nou is soveel mooier kan wees. Ervaar hulle ook die pragtige en skoon waterstrome, die geil gras van die veld en die koue maar verfrissende bergwinde en die vriendelike hitte van 'n kaggelvuur? Dalk, net dalk dink hulle dat ons die is wat maar met min tevrede is en dat dit wat ons nou ervaar maar 'n baie klein skynsel is van wat hulle het. Ons sal nie weet nie, maar intussen geniet ons maar dit wat ons het.
Groete tot volgende keer.

jongklomp



**'n Tiener skryf:**

# Ek het 'n liefdesverhouding met boeke

'n Notaboek is 'n wonderlike ding. Vandat ek in die kleuterskool was en kon skrabbel, het ek notaboekies versamel. My vyfjarige bestaan was volmaak as ek 'n notaboekie by my gehad het.

Ek het steeds hope boekies. Enige los gedagte, boeke, musieklirieke en soms chemie word hierin geskryf, bepeins en ontleed.
Jy sien, ek het 'n "liefdesverhouding" met boeke. Ek kan net nie genoeg van my boeke kry nie!

Ek het die tipiese voorkoms van 'n boekliefhebber: lank, onatleties, lomp, spierwit en hoofsaaklik bebril (in die laaste drie jaar het ek kontaklense begin dra).

Skoolleerders verbeel hulle mos jy's 'n nerd as jy lees. Ek kry die arme siele innig jammer. Baie tieners kan nie meer spel en hulle ontdek nooit die magiese wêreld van lees nie.

Ek is 'n gróót Harry Potter-aanhanger. My boekrak is oorvol en ek stapel my boeke al onder my bed. My sakgeld hou net een mall-uitstappie, want ek gee dit roekeloos by die boekwinkel uit. Daar is altyd 'n boek in my skooltas.

Natuurlik het ek en my vriendin 'n boekklub gestig. Ons is van mening dat dit nie saak maak hóé moeg of hóé laat jy is nie as jy besig is om 'n boek te lees maak jy hom klaar.

Tot die dag dat ek doodgaan, sal ek altyd nóg 'n boek hê om te lees. Ek is nie skaam om my liefde vir boeke te verklaar nie. Om boeke te lees is cool (ek hou sommer dadelik van iemand wat lees).

Daar is so 'n wye verskeidenheid boeke dat daar beslis 'n boek sal wees waarvan jy gaan hou. Van feite-boeke tot sci-fi,Twilight en The Girl with the Dragon Tattoo.

Noem my maar 'n nerd of boekwurm net wat jy wil ek is "boektrots" en sal altyd bly strewe om ander bekend te stel aan die wonderwêreld van boeke!

**Sonja-Louise Meiring**

Storiewerf vir kleuters

# Sawa Kalantjies

## Vlooitjie, die teddie-beer, loop weg (4)

Deur tannie Vonnie Smit

Vlooitjie klim op tannie Tortel se rug en sy vlieg met hom tot heelbo in die boom. Dit is vir Vlooitjie die lekkerste ding om so deur die takke te vlieg en die wind deur sy hare te voel.

Toe hulle by tannie Tortel se nes kom, is Vlooitjie verstom oor hoe groot dit is. Die nes is rond en is van takkies en veertjies gemaak. Aan die een kant is daar 'n kombuis en eetkamer en aan die ander kant kan hy sien dat hier duiwe bly en slaap. Dis gesellig en die uitsig is wonderlik!

Hy kan alles sien wat onder op die grond aangaan. Dit lyk net baie kleiner hier van bo af as van onder op die grond. Die karre lyk soos vuurhoutjieboksies waarmee iemand speel. Hy kan skaars die honde uitmaak, hy hoor net hul geblaf.

Vlooitjie voel soveel nader aan die hemel hier bo en hy wil glad nie meer huil nie.

Tannie Tortel sê: "Jy kan maar 'n bietjie op die bed gaan lê," sê sy.

Voor hy dit kan keer, raak Vlooitjie aan die slaap op 'n baie sagte bed van vere in tannie Tortel se veilige nes.

Toe tannie Tortel hom wakker maak, kan hy nie glo dat hy in 'n voëlnes aan die slaap geraak het nie! "Jy moet wakker word, liefie, mevrou Arend gaan nou hier wees dan moet jy haar vra waar jy 'n nuwe huis kan kry. Anders moet jy maar hier by my bly. Die twee oudste kinders moet een van die dae vlerke sprei en wegvlieg, dan sal hier ook meer plek wees."

Vlooitjie is bly om te hoor dat hy welkom sal wees hier, maar hy hoop tog mevrou Arend weet van 'n mense-huis met 'n nuwe maatjie waarmee hy kan speel. Terwyl hy nog so sit en dink hoor hy die swiep van groot vlerke en hy weet dat mevrou Arend hier is.

Mevrou Arend lyk verbaas om hom te sien, maar sy bly stil. Sy groet tannie Tortel en aanvaar die koppie tee wat die duif haar aanbied.



Terwyl die twee voëls sit en gesels wag Vlooitjie geduldig dat mevrou Arend aan hom moet aandag gee. Hy hoor hoe vertel sy vir tannie Tortel dat haar jongste kuiken ook nou uit die nes is en dat sy nie kan wag om weer in netheid en vrede te leef nie. Hy hoor ook dat die Muise getrek het en dat mevrou Muis se skoonfamilie nou in haar ou huis bly. Nog nuus is dat al wat 'n grondbewoner is, reg maak vir die jaarlikse resies waarin die molle kyk wie die vinnigste en verste kan grou.

Uiteindelik kyk die arend vir hom met haar streng oë en vra, "En jy? Wat is jou storie?"

**(Word vervolg)**

ALMA haarsalon

Sê baie geluk met 30ste Jaargang!

Skakel om 'n afspraak te maak
072 949 6293
(Maandae gesluit)

Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark

Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie

Ondersteun ons eie mense

ELWIERDA APTEEK
Elwierda@mweb.co.za
**Sê geluk met 30ste Jaargang**
Noodnommer 082 460 0162

**Kom maak kennis en kry:**
- Flinke diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

**Elwierda Apteek**
Koedoestraat 184 Wierdapark
**Telefoon** 012 653 6153 012 653 6172
**Faks:** 012 653 6175

# VERJAARSDAE



**DESEMBER**

12 Anna Henning
12 Anna Rall
12 Johanna van Biljon
12 Manie Brits
16 Willie Kruger snr
16 René Beneke
20 Willem Nordejé
20 Andries Claassens
20 Mike du Preez
21 Quintin Prinsloo
21 Johan Jordaan
22 MC de Swardt
25 Chris Joubert
26 Elma Bronkhorst
27 Alet Lemmer
28 Madelein Bezuidenhout
30 Hennie Ferreira

***Kampkrummels wens graag hierdie lede baie geluk met hulle verjaarsdae***



# Lief en leed

Johann Lemmer word gelukgewens met die verskyning van hierdie uitgawe van Kampkrummels wat nommer 150 is wat onder sy redakteurskap verskyn.

Kiepersol se verteenwoordigers in die Jakaranda gebiedsbestuur is André Baker en Ronelle King. By die eerste vergadering is twee Kiepersollers in bepaalde ampte aangewys naamlik Johann Lemmer as sekretaris-redakteur en Johanna van Biljon as senior burgerkoördineerder.

Ina van den Berg het toetse in die hospitaal ondergaan met die oog op ŉ heupoorplanting wat op 17 November gedoen word.

Alet Lemmer moes ŉ operasie ondergaan vir ŉ akute blindederm.

Lucille Vorster is in die hospitaal opgeneem.

Bets Joubert se kleinkinders het besonder goed presteer.

André en Magriet Baker se kleindogter het haar eerste verjaarsdag gevier

**Ons lesers word ŉ baie geseënde Kersfees en voorspoedige jaar in 2013 toegewens!**

## Stoffeltjie se identiteit na 11 jaar onthul
## Lees hoe hy homself ontmasker

# Stoffeltjie skryf oor oom Nico Grootkaptein



**Liewe oom Redakteur**

Ek is bly om te kan rapporteer dat ons almal nog uitgespaar is en ek hoop om dieselfde ook van Oom Redakteur en oom se tannie Alet te kan hoor.

My pa sê vir my dat oom en tannie Alet toe saam met oom Nico Grootkaptein en nog ŉ hele klomp ander mense van SAWA derduisende kilometers gery het en by allerhande oulike plekke geslaap het en dit net alles om by Hart-en-bos te gaan Jaarlikse Kongresvergadering te hou. Ek hoor daar was mense van tot uit die Kaap uit gewees en ek het regtig nie geweet dat mense van die buiteland ook aan SAWA kan behoort nie het oom dit geweet? My pa sê vir my dat tannie Frieda Soek-nie-passe nie het glo saam gery en elke keer as oom Nico Grootkaptein in sy spieël agteruit gekyk het dan het hy daardie Fortuner se neus so op sy stert gesien en dit het niks saak gemaak of dit gelyk of pas op of pas af was nie. Ek het nog altyd gesê die tannies van SAWA laat nie met hulle sukkel nie en waar hulle vat daar kraak dit.

Oom Redakteur dis een van die dae weer vakansie en ek dink daar gaan baie van ons streek se vriende hul woonwaens see toe sleep, dis nou te sê die ouens wat nie al hul geld uitgegee het om die Jaarlikse Kongresvergadering by Harten-bos te gaan bywoon het nie. Hulle moet asseblief baie versigtig ry en onthou die spietkops sê ŉ mens moet elke tweehonderd kilometer stop en ŉ bietjie rus en ŉ ietsie eet en ŉ ietsie drink as jy lang pad het om te ry.

Ons familie wil vir die hele volk sê hulle moet ŉ geseënde Kersfees hê en almal moet asseblief weer veilig huistoe kom.

Groete

**Stoffeltjie (My vriende noem my sommer Christo)**

# Joos Becker se kampprogram

**Vrydag:** Verwelkoming, boekevat, tee, koffie, ietsie
**Saterdag:** 09:30 Registrasie; **15:00** Kersprogram (bring klein geskenkie, ons gee koeldrank en lekkers)
**17:30** Heerlike feestelike saam eet en kuier
Elke gesin bring ŉ slaai en ŉ poeding saam vir gesamentlike tafel
**Sondag:** 09:30 Kategese **10:00** Erediens (ds Lessing)
**11:00** Afsluiting, bring koek ens. saam vir tafel

# Enkele foto’s uit Kampkrummels van ouds . . .



*AJV 2002: Jannie van den Berg het die vrugte kunstig gerangskik*



*AJV 2002: Frieda en wyle Willem Burger (vorige redakteur)*



*AJV 2002: Lettie en wyle Eddie Leach (eerste voorsitter)*



*Kongres 2002: Christo vd Merwe (oud-redakteur) en Martie*



*Pierre de la Harpe en kersvader, ses jaar gelede*



*Hierdie deel van die skaapbraai het na Gert Rall toe gekom*



*Hierdie kinders het intussen groot geword*



*. . . En hulle ook!*



*Ina van den Berg en Jannus by Tempel afgeneem*



*Hennie en Esther Lombard by die 2002-kongres*



*Wyle Chris Pienaar saam met oud-voorsitters wylw Eddie Leach, Frieda Burger, Poen Venter en Jannie van den Berg*



*AJV 2002: Jerome en Anna Henning*

**Hierdie kleinspan by 2006 se Kersboom is seker al groot!** ▶









